

**23 November**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:1-6**  
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:2, 3**

### **Lewende briewe**

Christus is die skrywer van lewende briewe aan die wêreld as die leser daarvan. Hierdie brief is die gemeente van Christus in die verweer van Paulus teen die beswaar dat hy geen aanbevelingsbriewe gehad het nie. Elke gemeente, maar ook elke gelowige is as brief van Christus 'n lewende brief van God aan die wêreld.

Eie aan 'n brief is die materiaal waarop geskryf word. Die materiaal waarop Christus sy brief skryf, is op die harte en lewens van mense. Die genade hiervan is onbeskryflik groot. Elke gereinigde hart en geheiligde lewe deur die soenverdienste van Christus is tot bruikbare skryfmateriaal vir God gemaak.

Die skryfgereedskap waardeur en waarmee Hy skryf, is nie met gewone pen en inks nie. Paulus is as skryfinstrument gebruik om die gemeente van Korinte te beskrywe. Nie net Paulus nie, maar elke gelowige word deur Christus as pen gebruik om sy brief op ons medemens te skryf.

Die inks waarmee Christus skryf, is nie gewone inks nie. Hy vul sy pen met die Heilige Gees om op die harte van mense te skryf. Dit is die enigste inks wat nie in die son van beproewing verbleik of onder die storms van teenlae onleesbaar word nie.

Elke brief wat geskryf word, het 'n leser. Die leser van gelowiges as briewe van Christus is die wêreld. In sy genade wil God ons gebruik om lewende briewe van geloof, hoop en liefde te wees ... briewe waarin die vrug van die Gees geopenbaar word. Elke brief wat gelees word, het 'n skrywer. Christus is die skrywer van lewende briewe. In ons moet die beeld van ons Skrywer te lees wees. As die wêreld ons lees, moet hulle God verheerlik oor ons godvrugtige lewenswandel.

God skryf ons – dit is genade. Die wêreld lees ons – dit is ons verantwoordelikheid om duidelik 'n brief van Christus te wees.

*Sing: Psalm 45:1, 16 (1936)*

*Ds. EJ Tiemensma (Kempton Park)*